

Ontmoeting 4

Die storie van Paulus en sy reise: Deel 1

Saulus word deur God se lig aangeraak en sy lewe word verander. Na sy ontmoeting met God, het hy sy lewe aan God gewy. Waar hy eers mense wat in Jesus geglo het, vervolg het, sit hy nou aan die anderkant en is hý die een wat vervolg word. Ons gaan op reis saam met Paulus. Ons stap saam met hom in God se lig.

Teks: Handeling 9:1–27; 13:1–12; 14:8–28

Hulpmiddels:

- Bak met sand of meel (soos by die vorige ontmoeting)
- Verskillende soorte klere en bykomstighede soos 'n serp, hoed en bril
- Sjokolade
- Mes en vurk
- Bordjie om sjokolade op te sit
- Dobbelsteen
- Karton vir boeie
- Krammasjien
- Afdrukke van “Verbind-die-kolletjies” aktiwiteitsblad
- Afdrukke van “Soek die woorde”
- Afdrukke van “Reise in Paulus se tyd”
- PowerPoint en video (laai van ons webwerf af)
- Magneet of papier lettertjies wat opgeskommel is en kinders reg moet skommel



Welkom

“Etenstyd”: Laat die kinders in 'n groot sirkel sit. Plaas 'n hoop klere en 'n sjokolade met 'n mes en vurk daarby op 'n bordjie. Gee vir 'n kind 'n dobbelsteen om te gooi. Die eerste kind wat h 6 gooi, kan die sirkel binnehardloop, al die klere aantrek en die sjokolade met die mes en vurk begin eet. Sodra die volgende kind h 6 gooi, moet die een wat alreeds binne die sirkel is, die klere dadelik uittrek en vir die volgende kind kans gee om aan te trek en van die sjokolade te eet. Speel vir ongeveer 5 tot 10 minute, of totdat almal 'n beurt gehad het.

(Klein stukkies sjokolade kan dan aan elke kind uitgedeel word.)



Wyding

Stilword-ritueel:

Gebed: Die leier bid elke keer h sinnetjie en die groep herhaal dit saam.

Dankie, Heer, vir hierdie dag

Dankie dat die Bybel vir my sê dat U my liefhet

Dankie dat U mens geword het en vir ons die pad kom loop het

Help ons om U ook te volg ...

... soos ons nou in die gebed ons leier gevolg het.

Amen



Woord

Vra die volgende vraag aan die kinders:

As jy een ding aan jousef kon verander, wat sou dit wees?

Ons kan nie verander hoe ons lyk nie, maar ons kan verander hoe ons dink en optree. Ons storie vandag gaan oor 'n man wat verander het. Hy het nie meer gedink en opgetree soos vroeër nie.

Gebruik die Powerpoint of vertel–lees die volgende storie:

1	Die storie van Paulus en sy reise (deel 1)
2	Omdat die Christene wegbeweeg het van die wettiese godsdiens van die Jode, het Saulus en sy mede-Farisieërs besluit dat hulle moet optree teen hierdie mense. Daarom het Saulus begin om die Christene te vervolg.
3	Saulus wou die volgelinge van Jesus doodmaak en het daarom na die hoëpriesters toe gegaan. Hy het briewe aan die sinagoges in Damaskus gevra waarin hulle versoek word om hom te help om Christene op te spoor en hulle geboei na Jerusalem toe te bring. Hulle het vir hom die briewe gegee en hy het Damaskus toe vertrek.
4	Toe hy naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom geskyn. Hy het op die grond neergeval.
5	Paulus het 'n stem gehoor wat vir hom sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy my?" "Wie is U, Here?" het hy toe gevra. "Ek is Jesus," antwoord Hy. "Dis vir Mý wat jy vervolg! Staan nou op en gaan die stad in. Dáár sal vir jou gesê word wat jou te doen staan."
6	Die mans saam met hom was sprakeloos van verbasing, want hulle het h stem gehoor, maar niemand gesien nie. Saulus het van die grond af opgestaan en alhoewel sy oë oop was, kon hy niks sien nie.
7	Sy reisgenote is Damaskus in terwyl hulle hom aan die hand lei. Vir drie dae het hy niks geëet of gedrink nie.
8	Daar was 'n gelowige in Damaskus met die naam Ananias. Die Here het hom in 'n gesig geroep: "Ananias!" "Ja, Here!" het hy geantwoord.
9	Daarop sê die Here vir hom: "Gaan nou Reguitstraat toe, na Judas se huis. Vra daar na Saulus van Tarsus. Hy is besig om tot My te bid. Ek het hom in 'n gesig laat sien dat 'n man met die naam Ananias inkom en sy hande op hom sit sodat hy weer kan sien."
10	Ananias het toe vertrek en in daardie huis ingegaan. Hy het sy hande op Saulus gesit en gesê: "Broer Saul, die Here het my gestuur, Jesus wat aan jou verskyn het op pad hierheen. Hy het my gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word." Onmiddellik het iets soos skille van Saulus se oë afgeval en hy kon weer sien.
11	Hy het opgestaan en is gedoop. Hy het toe kos geëet en sy kragte begin herwin.
12	Nadat Paulus gedoop is, kon hy nie wag om die goeie boodskap by die sinagoge te bring nie.
13	Party mense was baie agterdogtig. Hulle het Paulus nie vertrou nie, omdat hulle geweet het dat hy voorheen die kerk probeer vernietig het.
14	Ander mense wat hom oor Jesus hoor praat het, het so kwaad geword dat hulle hom wou doodmaak.
15	Paulus se nuwe vriende in Damaskus het gehoor van die planne om hom dood te maak. Hulle het hom gehelp ontsnap deur hom in die nag na die stadsmuur te neem en hom met h mandjie te laat afsak.
16	In Jerusalem wou party van die gelowiges nie glo dat Paulus nou ook h volgelinge van Jesus was nie.

17	Barnabas het toe vir hulle van Paulus se ondervinding op die pad na Damaskus vertel.
18	Die Jode het probeer om Paulus dood te maak. Die gelowiges het hom na Seserea geneem. Daarvandaan is hy met 'n boot na Tarsus toe waar hy omtrent 10 jaar gewoon het. Hy het vir almal van Jesus vertel.
19	Speel die video “Die begin van die eerste reis”.
20	Paulus, Barnabas en Johannes Markus het vertrek na Perge toe. Johannes het besluit om terug te gaan Jerusalem toe.
21	Hier is die kaart van die eerste reis.
22	Paulus en Barnabas het 'n klomp dorpie besoek en die goeie nuus versprei.
23	Paulus-hulle het gehoor dat van die Jode hulle wou stenig.
24	Hulle moes toe vinnig vlug na Listra toe.
25	In Listra het hulle 'n verlamde man gesien.
26	Paulus het vir die man gesê: “Staan op!” Die man het opgestaan en begin loop!
27	Die mense wat dit gesien het, het gedink dat Paulus en Barnabas gode is. Hulle wou hulle aanbid.
28	Toe Paulus en Barnabas vir hulle vertel dat hulle gewone mense was en vir hulle van Jesus wil vertel, wou hulle vir Paulus en Barnabas met klippe doodgooi.
29	Van die gelowiges het hulle opgehelp en versorg.
30	Paulus-hulle het op hul terugtog dorpie besoek waar hulle vroeër gemeentes begin het. Daarna is hulle weer terug na Jerusalem.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat vir jou mooi was van die verhaal.
2. Ek wonder waar jy jouself in hierdie storie sou sien.
3. Ek wonder wat sou jy gedoen het as God aan jou verskyn het soos Hy aan Paulus verskyn het.
4. Ek wonder hoe jou lewe anders gaan wees na die storie.



Werskaf

- Verbind-die-nommers”-prentjie van Saulus op pad na Damaskus.
- Voorsien afdrucke van “Vervoer in Paulus se tyd”. Laat die kinders die maniere van vervoer wat in Paulus se tyd beskikbaar was, omkring.

Sluit af met die seënbede

(Almal hou hande vas in 'n kring; die kinders herhaal agter die aanbieder aan.)

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons. Dankie, Heer, vir die maatjies langs ons. Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons.
Amen

Reise in Paulus se tyd



Beeld 2: Leonie, Rishi, Chise (leë) met verskeie... = Bomeer 20 2000 2000 2000 = Alle reise... in... = Sien... in... = Bomeer 20 2000 2000 2000 =

